

JAARVERSLAG: MEDIA, 2012/3.

Dit was vir my 'n eer en 'n voorreg om die afgelope jaar hierdie Portefeuilje vir die Raad te handteer.

Kalender:

Soos vorige jare is die maande van die jaar van die kalender tydens die Nasionale Skou weer opgeveil. 'n Nuwe ontwerper en drukker is gebruik – ek dink die uitleg en kwaliteit van die kalender was baie goed. Baie dankie aan almal wat maande gekoop het, ek hoop en glo almal was tevrede met hulle "beleggings" in 'n volle maand se advertering! Vir 2014 maak ons weer so!

Tydskrifte:

Weens minder fondse beskikbaar as die vorige jaar, het ons hoofsaaklik gebruik gemaak van HQ en HQ Pony tydskrifte vir advertering. HQ en HQ Pony het 'n verandering ondergaan deurdat die tydskrif van 'n 2 maandelikse uitgawe na 'n maandelikse uitgawe verander het. Die tydskrifte is ook gedurende die jaar in 'n enkel pakkie verkoop. 'n Halfblad advertensie is in albei tydskrifte gebruik. Met die HQ is gepoog om deur die jaar 'n geheel beeld te gee van wat die SA Boerperd doen: al die sporte en maniere van skou waarvoor die SA Boerperd bekend is, is vertoon. Nog 2 uitgawes van die tydskrif is oor vir die jaar met nog 2 aspekte van die SA Boerperd wat onder die kollig gaan kom.

Vir HQ Pony is 'n soortgelyke beleid soos vir HQ gevolg, maar met die effens anderse benadering deurdat van ons juniors wat goed presteer het, beloon is met hulle foto van hulle gepaardgaande sport wat vir ons Telersgenootskap advertensie gebruik is, met hulle prestasie saam met dit.

HQ het deur die jaar weer 'n reeks artikels gedoen oor perderasse. Dis gedoen in die vorm van onderhoude met 'n paar stoete van elk eras. Vir die SA Boerperd is stoete wat goed presteer het op die Nasionale Skou (en ander skoue buite die SA Boerperd) gebruik. Saam met die artikel is 'n vol stel fotos van die Nasionale Skou geplaas.

Enkele ander advertensies is ook gebruik in tydskrifte soos SA Stoetteler / Stud Breeder en Livestock met wie ons nog kontrakte gehad het vir 2012 / 2013.

Om 'n eenvormige beeld van die SA Boerperd advertensies te skep, is al die advertensies in alle tydskrifte in dieselfde uitleg soos vir die kalender gebruik. 'n Mooi en goeie geheelbeeld is so vir ons ras geskep.

Die 40 jarige bestaansjaar van ons Telersgenootskap is ook die hele jaar as tema gebruik. Ons advertensie in Oktober maand se HQ is dan ook gewy aan ons 40

jarige bestaan op 29 Oktober. HQ gaan dan ook vir ons 'n artikel gee oor ons 40 jarige bestaan, saam met weer 'n volle stel foto's van ons Nasionale Skou.

Meeste Streekskoue het foto uitslae in die Landbouweekblad gehad. Ons het 'n dubbelblad vir die Nasionale Skou gekry. Ons bedank Landbouweekblad vir hulle bereidwilligheid en vriendelikheid om foto's van ons skoue te plaas.

Web – blad:

Die web – blad is verander en het 'n nuwe ontwerp en tema gekry. Ons het gepoog om die uitleg ook meer sinvol en verbuikersvriendelik te maak. Nuwe bladsye is bygevoeg om die rondbeweeg ("surf") op die blad gemakliker en sinvoller te maak en ons het gepoog om die web – blad gedurig en deurlopend op te dateer. Ons sê dankie vir Lisa wat die web – blad netjies in stand hou. Ons sê sterkte aan Johannes Langenhoven wat voortaan in beheer van die web – blad gaan wees.

Nuusbrief:

Ons het gereeld deur die jaar ons lede op hoogte gehou van die werking van die Telersgenootskap deur nuusbriewe. Ons bedank almal wat bydraes gelewer het. Baie dankie ook aan Petro Grovè wat my BAIE behulpsaam was – sy het gesoek en gesorg vir waardevolle inligting en 'n pragtige, proffessionele uitleg aan die nuusbrief gegee.

Ander:

Sosiale media is tans die grootste groeiende afdeling van inligtings tegnologie en die internet. Die grootste en bekendste sosiale blad is Facebook. Dit word deur 'n wye verskeidenheid mense uit omtrent alle sfere van die samelewing gebruik. Inligtingstegnologie het al so ver gevorder dat omtrent alle selfone deesdae gebruik kan word as klein rekenaars. Tablette ("I – pads" / "Tablets") en soortgelyke produkte word wyd gebruik deesdae. Veral die jeug ('n belangrike marksegment vir ons ras) is baie aktief met al die nuwe tegnologiese ontwikkelings.

Dit is belangrik om by te bly met die nuwe ontwikkelings. Facebook is lankal nie meer net 'n plek vir lekker met vriende gesels nie – dit is nou ook al 'n kardinale gebruiksartikel vir advertering, netwerking ("networking") en inligtingsuitruil vir enige toepassing.

Die SA Boerperd neem aktief deel aan hierdie nuwe sosiale media, met Facebook bladsye vir verskeie fasette van die ras, o.a het die Telersgenootskap 'n eie bladsye vir offisiële Telersgenootskap sake en 'n bladsy met bloot die naam "SA Boerperd" waar enige en alle sake bespreek word. Al die klubs het hul eie bladsye en baie stoete het ook reeds hulle eie Facebook bladsye en ervaar vele voordele daaruit. Die wonderlike ding van Facebook is dat dit gratis is; dus kan enige iemand met

toegang tot die internet deel word van – en deelneem aan dit. Die web – blad sal nooit vervang kan word deur Facebook nie, maar Facebook is 'n waardevolle hulpmiddel tot die web – blad. Ons Facebook bladsye toon wonderlike en aanhoudende groei in ledetal en ondersteuners – wat 'n wonderlike adverteeringsbasis van ons ras skep.

Die belangrikste faset van Facebook is egter beheer – dis nodig dat deurlopende en goeie beheer toegepas word op die bladsye. Ek wil graag vir Heleen Pope bedank wat saam met my die beheer gedoen het op die Telersgenootskap se Facebook bladsye. Die Facebook blaaie kan egter ook blootgestel en oop vir misbruik wees – dus moet ordentlike kontrole gehandhaaf word. Die voordele is egter baie meer as die nadele.

Baie dankie aan die Dagbestuur en Raad vir julle bystand en vertroue die afgelope jaar om hierdie Portefeuilje te handteer. Ongelukkig verhoed werksverpligtinge my om die Portefeuilje as geheel weer te handteer, ek sal egter altyd bereid wees om behulpsaam te wees vir wie die Portefeuilje in die vervolg gaan handteer.

Charles van Schalkwyk

